# MATTLO BOEKE KATALOGUS



MattLo

# MATTLO BOEKE
# KATALOGUS

Plaas bestellings direk by Anne of Magda – kontak ons vir 'n bestelvorm of laai dit van ons webwerf af.


| | |
|---|---|
| **Anne Matthews**<br>Sel 083 955 2673<br>E-pos: mattlo.anne@gmail.com<br>anne131m@gmail.com | **Magda Loots**<br>Sel 082 394 8053<br>E-pos: m.loots48@vodamail.co.za |


MattLo het ontstaan as gevolg van 'n gebrek aan praktiese werkplekgerigte take vir leerders wat met rekenaartoepassings werk. Ons reeks boeke sluit in take oor woordverwerking, sigblaaie, databasisse en die onderliggende teorie van rekenaars en rekenaartoepassings-programme. Die boeke is hoofsaaklik bedoel vir die opvoeder wat Rekenaartoepassingstegnologie onderrig, maar dit kan baie wyer gebruik word.

Vir die suksesvolle benutting van 'n toepassingsprogram, is 'n deeglike kennis en konsekwente toepassing van uitleg soos wat dit in die praktyk gebruik word, baie belangrik. Verder is voort-durende oefening in die gebruik van woordverwerkings-, sigblad- en databasisfunksies absoluut noodsaaklik. Hierdie boeke voorsien in 'n groot mate aan hierdie vereistes.

Omdat die boeke takeboeke en nie handboeke is nie, maak dit nie saak watter weergawe van Office gebruik word nie, want dit sê nie **hoe** die eindresultaat bereik moet word nie. Dis praktiese take en die veronderstelling is dat die leerders reeds bekend is met die toepassingsprogram en dat die onderwyser die nodige leiding sal gee in die gebruik daarvan, waar en indien nodig. Indien daar sekere aspekte in die oplossings is wat drasties in die nuwer weergawes verskil van die ouer weergawes, word u aandag daarop gevestig. Nadat die lêer/dokument oopgemaak is, kan dit dadelik in die nuwer weergawe, bv. Word 2019 of Excel 365 gestoor word.

e-boeke e-boeke e-boeke e-boeke e-boeke e-boeke e-boeke

MattLo bied 'n aantal titels in e-boekformaat aan – kyk eboeke in hierdie katalogus. Jy het slegs Adobe Acrobat Reader nodig om dit te kan lees.

# Inhoudsopgawe

Bladsy

WOORDVERWERKING (MS WORD) ........................................ 1

SIGBLAAIE en DATABASISSE (MS EXCEL & MS ACCESS)........................................ 2

REKENAARTOEPASSINGS (MICROSOFT ACCESS/EXCEL/WORD & HTML) ........................................ 3

WEBONTWERP (*WEB DESIGN*) (HTML) ........................................ 4

TEORIE VAN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE ........................................ 5

REKENAAR ABC: JOU GIDS TOT REKENAARGELETTERDHEID GRAAD 8 & 9 ........................................ 7

MATTLO GIDS TOT MS POWERPOINT E-BOEK........................................ 8

MATTLO GIDS TOT MS ACCESS E-BOEK........................................ 9

RTT TEORIE E-BOEKE (ONDERWYSERSBOEKE) 2de uitgawe – Oktober 2016 ........................................ 10

# WOORDVERWERKING
# (MS WORD)




**R160**

❖ **Nuwe Uitdagende Take om aan te Durf (Graad 10–12)** **ISBN 978-1-920111-73-1**

Die doel met hierdie Woordverwerkingsboek is om die onderwyser in Rekenaartoepassingstegnologie te voorsien van kopieregvrye take wat in die klaskamer gebruik kan word vir addisionele oefeninge, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die boek deur die onderwyser gebruik moet word en dat dit nie onder die leerders versprei moet word nie.

❖ Die take voldoen aan die CAPS-vereistes en dek al die vereiste woordverwerkingsfunksies soos in die beleidsdokument vir Graad 10 tot 12 uiteengesit.


❖ Die take is op algemene besigheidsdokumente gebaseer.

❖ Die boek sluit take oor HTML in.


❖ Take is spesifiek opgestel om probleemoplossingsvaardighede te toets en te bevorder.

❖ 'n CD met al die datalêers wat benodig word vir sekere take sowel as die voorgestelde oplossings en merkroosters, word by die boek ingesluit.

## SIGBLAAIE en DATABASISSE
## (MS EXCEL & MS ACCESS)




**R130**




**R130**

- **Sigblaaie: Oorspronklike Take om aan te Durf (Gr. 10–12)** **ISBN 978-1-920111-75-5**
- **Databasisse: Praktiese Take om aan te Durf (Gr. 11–12)** **ISBN 978-1-920111-77-9**

Die doel met hierdie praktiese takeboeke in Sigblaaie en Databasisse is om die onderwyser in Rekenaartoepassingstegnologie te voorsien van kopieregvrye take wat in die klaskamer gebruik kan word vir addisionele oefeninge, hersiening en integrasie. Die bedoeling is m.a.w. dat die boeke deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie.


- Die take is volgens moeilikheidsgraad gerangskik, maar dit staan die opvoeder vry om sekere vereiste opdragte, formules en funksies binne 'n spesifieke taak te elimineer sodat 'n taak byvoorbeeld op 'n laer vlak gebruik kan word.

- Die take is spesifiek opgestel om probleemoplossingsvaardighede te toets en te bevorder.

- 'n CD wat al die lêers vir meeste van die take bevat, word by elke boek ingesluit. Voorgestelde oplossings vir hierdie take, asook 'n afmerklys/merkrooster of rubriek wat gebruik kan word om die leerder se prestasie te bepaal, is op die ingeslote CD beskikbaar. Die merkrooster bied 'n lys van die aksies, berekeninge, funksies en/of formatering wat uitgevoer of toegepas moet word by die voltooiing van elke taak.

- Hierdie boeke is opgedateer om aan die KABV/*CAPS*-vereistes te voldoen.

## REKENAARTOEPASSINGS
## (MICROSOFT ACCESS/EXCEL/WORD & HTML)




**R130**


- **Rekenaartoepassings: Ekstra Take om aan te Durf (Gr. 10–12)** **ISBN 978-1-920111-87-8**

Die doel met hierdie boek is om take te voorsien wat die leerder se vermoë in die gebruik van rekenaartoepassings in die geheel te gebruik, sal toets, maar met die fokus op Access en Excel. Word en PowerPoint word in die geïntegreerde take ingesluit. 'n Aantal take wat die leerder se vermoë om HTML te gebruik assesseer, word ook ingesluit. Hierdie praktiese takeboek voorsien die onderwyser wat Rekenaartoepassingstegnologie aanbied, van addisionele take oor sigblaaie, databasisse en HTML wat vry is van kopiereg en wat gebruik kan word in die klaskamer vir ekstra oefening, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die boeke deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie.

- Die take is volgens moeilikheidsgraad gerangskik, maar dit staan die opvoeder vry om sekere vereiste opdragte, formules en funksies binne 'n spesifieke taak te elimineer sodat 'n taak byvoorbeeld op 'n laer vlak gebruik kan word. Dit kan dus vir al drie grade gebruik word soos voorgeskryf. In sommige take word programme geïntegreer.
- Die take is spesifiek opgestel om probleemoplossingsvaardighede te toets en te bevorder.
- Die gebruiker kan 'n geskikte taak kies uit die opsomming van die take (voor in die boek) of uit die lys van funksies wat gedek word (op die CD).
- 'n CD wat al die lêers vir die meeste van die take bevat, word by die boek ingesluit. Hierdie lêers is voorberei in Microsoft Word, Excel, Access en HTML met enkele tekslêers. Daar is ook enkele grafikalêers. Voorgestelde oplossings vir hierdie take, asook 'n afmerklys, merkrooster of rubriek wat gebruik kan word om die leerder se prestasie te bepaal, is op die ingeslote CD beskikbaar. Die merkrooster bied 'n lys van die aksies, berekeninge, funksies en/of formatering wat uitgevoer of toegepas moet word by die voltooiing van elke taak.

Hierdie boek voldoen aan die KABV/*CAPS*-vereistes en die take toets die meeste van die onderwerpe in die kurrikulum.

# WEBONTWERP (*WEB DESIGN*) (HTML)




**R130**

- **Web Design: HTML Tasks to Tackle (Gr. 11 & 12)** **ISBN 978-1-928323-15-0**


**Hierdie boek is slegs in Engels beskikbaar.**

Die doel met hierdie boek is om take te voorsien wat die leerder se vermoë om HTML-kode in die opstel van 'n webblad te assesseer. Hierdie praktiese taakboek voorsien die onderwyser wat Rekenaartoepassings-tegnologie aanbied, van addisionele take oor HTML wat vry is van kopiereg en wat gebruik kan word in die klaskamer vir ekstra oefening, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die boek deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie.

- Die Graad 11-take is volgens moeilikheidsgraad gerangskik, maar dit staan die opvoeder vry om sekere vereiste opdragte m.b.t. formatering, lyste, skakels, grafika, ens. binne 'n spesifieke taak te elimineer sodat 'n taak byvoorbeeld op 'n laer vaardigheidsvlak gebruik kan word. Die Graad 12-take is soortgelyk in uitleg met dié van die webontwerp vraag wat in die finale nasionale eksamen gestel word.
- Die gebruiker kan 'n geskikte taak kies uit die lys van HTML-kodes wat gedek word (op die CD).
- 'n CD wat al die lêers vir die take bevat, word by die boek ingesluit. Hierdie lêers is voorberei in Notebook en is as HTML-lêers gestoor. Daar is ook enkele tekslêers asook grafika-lêers. Die voorgestelde oplossings vir hierdie take kan gebruik word om die leerder se prestasie te bepaal en is op die ingeslote CD beskikbaar. Die merkrooster bied 'n lys van die formatering en/of aksies wat uitgevoer of toegepas moet word by die voltooiing van elke taak.
- Hierdie boek voldoen aan die KABV/*CAPS*-vereistes en die take toets die betrokke onderwerpe in die kurrikulum.

# TEORIE VAN REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE ONDERWYSERSBOEKE & LEERDERSWERKBOEKE (*CAPS* – 2$^{de}$ uitgawe, Oktober 2016)

















**R130** | **R100**

**Kyk besonderhede op die volgende bladsy.**

- **Take om aan te Durf (Graad 10) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-928323-00-6**
- **Hersieningstake om aan te Durf (Gr. 10) – Leerderswerkboek** **ISBN 978-1-928323-06-8**

- **Take om aan te Durf (Graad 11) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-928323-02-0**
- **Hersieningstake om aan te Durf (Gr. 11) – Leerderswerkboek** **ISBN 978-1-928323-08-2**

- **Take om aan te Durf (Graad 12) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-928323-04-4**
- **Hersieningstake om aan te Durf (Gr. 12) – Leerderswerkboek** **ISBN 978-1-928323-10-5**


Die doel met hierdie teorieboeke vir die onderwyser en die leerder is om die leerder se kennis van die onderliggende teorie by die praktiese gebruik van die toepassingsprogramme en bedryfstelsels te assesseer. Hierdie boeke word op die kurrikulum- en assesseringsbeleidsdokument (*'Curriculum and Assessment Policy Statement'* – CAPS) gebaseer.

RTT Teorie: Take om aan te Durf voorsien die onderwyser in Rekenaartoepassingstegnologie van kopiereg-vrye take wat in die klaskamer gebruik kan word vir addisionele oefeninge, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die onderwysersboek deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie. Die leerderswerkboek bied aan die leerder baie take wat hom/haar sal help met voorbereiding vir toetse en eksamens (Vraestel 2). Oplossings word aan die einde van die leerdersboek voorsien wat die boek uiters geskik maak vir selfstudie.

- Die take in die Graad 10-boeke is ingedeel in die hoofafdelings soos in CAPS uiteengesit, nl. Stelseltegnologieë (*Systems Technologies*); Netwerktegnologieë; Internettegnologieë en Sosiale Implikasies; Oplossingsontwikkeling (*Solution Development*) (sagteware toepassings insluitend Word, Excel en PowerPoint).

- Die take in die Graad 11-boeke is ingedeel in die hoofafdelings soos in CAPS uiteengesit, nl. Stelseltegnologieë; Netwerk- en Internettegnologieë; Sosiale Implikasies; Oplossingsontwikkeling (sagteware toepassings insluitend Word, Excel, Access en HTML).

- Die take in die Graad 12-boeke is ingedeel in die hoofafdelings soos in CAPS uiteengesit, nl. Stelseltegnologieë; Netwerk- en Internettegnologieë; Inligtingsbestuur; Sosiale Implikasies; Oplossingsontwikkeling (sagteware toepassings insluitend Word, Excel, Access en HTML).

- Take word onder die sub-afdelings in hierdie hoofafdelings ingedeel sodat die gebruiker 'n geskikte taak in die spesifieke onderafdeling kan kies.

- Die objektiewe assesseringstyl van die boeke is die fokuspunt, bv. meerkeusevrae, pas die kolomme, invul van ontbrekende woorde, ens. Die veronderstelling is dat die leerders die vrae skriftelik sal beantwoord. 'n CD wat al die oplossings van die take bevat, word by elke onderwysersboek ingesluit.


- Nuwe tegnologie is bekendgestel d.m.v. vrae wat op teks uit sekere bronne gebaseer is.

- Die onderwysersboeke is ook as **e-boeke** beskikbaar (kyk bl. 10).



**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 10) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-91-5**
**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 11) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-93-9**
**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 12) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-95-3**


**LET WEL: Die leerderswerkboeke is nie vry van kopiereg nie.**

## REKENAAR ABC: JOU GIDS TOT REKENAARGELETTERDHEID
## GRAAD 8 & 9




**R180**




**R180**

Die doel met hierdie boek is om 'n bydrae te lewer tot die verryking van mense wat geen of min kennis het van rekenaargebruik. Die naam REKENAAR-ABC verwys na die begrip REKENAARGELETTERDHEID. Dit is die eerste stap in die ontwikkeling van die eindgebruiker se rekenaarvaardighede. Die boek is nie slegs geskik vir basiese rekenaaronderrig op skool nie, maar ook vir studente en volwassenes wat rekenaargeletterd wil raak en wat nie voorheen die geleentheid gehad het om rekenaarvaardighede aan te leer nie. 'n CD word by elke boek ingesluit.

Elke studie-eenheid bevat praktiese take en aktiwiteite. Daar is ook 'n aantal take op die CD wat vir formele assessering of vir addisionele oefening gebruik kan word. Al die voorgestelde oplossings, riglyne vir assessering asook die meester-dokumente (data-lêers) wat die leerders moet herroep vir die take, word op die CD voorsien.

Die boek is beskikbaar in **twee** weergawes:

- **Office 2016 weergawe (Windows 10)** **ISBN 978-1-928323-12-9**
- **Office 2010/2013-weergawe (Windows 7, 8 & 10)** **ISBN 978-1-920111-89-2**


Die boeke bevat die volgende modules:

- Inleiding tot Rekenaars en Windows
- Microsoft Word
- Internet en E-pos
- Microsoft Excel

**Let wel: Hierdie boeke is nie vry van kopiereg nie.**


Die vorige weergawe van hierdie boek is op versoek beskikbaar (**R180**):

- **Office 2007/2010-weergawe (Windows 7 & Windows 8)**
  **ISBN 978-1-920111-71-7**



# MattLo e-boeke

## MATTLO GIDS TOT MS POWERPOINT E-BOEK




**R100**

- **MattLo Gids tot PowerPoint (E-boek)** **ISBN 978-1-920111-85-4**


Omdat die kurrikulum- en assesseringsbeleidsdokument vereis dat die Graad 10-leerder op PowerPoint geëksamineer word (vanaf 2012), is die doel van hierdie boek om leerders te voorsien van inligting oor PowerPoint 2010 (met verwysings na PowerPoint 2013) asook take wat hul kennis en vaardighede sal assesseer.


- Die inhoud word in vier studie-eenhede ingedeel.
- Elke studie-eenheid (afgesien van Studie-eenheid 1) het twee assesseringsafdelings, nl. TOETS JOU KENNIS en PRAKTIESE TAKE.
- Die eerste assesseringsafdeling is op die voorafgaande teks/inhoud gebaseer en toets jou konseptuele kennis van die funksies van PowerPoint. Die tweede assesseringsafdeling toets die praktiese toepassing van daardie funksies.
- Daar is ook lêergidse op die CD wat leerderlêers, voorgestelde oplossings en nasieninstrumente bevat.

**Let wel: Die inhoud van die CD is nie vry van kopiereg nie.**

# MATTLO GIDS TOT MS ACCESS
# E-BOEK

## (Access 2007/2010)




**R100**

❖ **MattLo Gids tot Access (E-boek)** **ISBN 978-1-920111-69-4**


Hierdie CD voorsien beide onderwysers en leerders van gidse vir die Access-databasisprogram deur die basiese aspekte daarvan te dek. Access 2007/2010 word gedek.

❖ Deel 1: Inleiding tot Access word in twee studie-eenhede aan die leerder voorgehou, nl. *Tables & Forms* en *Queries & Reports.* Elke studie-eenheid word gevolg deur agt praktiese take. Die teks is in PDF beskikbaar sodat dit maklik gedruk kan word. Deel 1 is geskik vir gebruik in Graad 11.

❖ Deel 2: Access Plus$^{+}$ sluit drie studie-eenhede in wat meer gevorderde funksies van Access dek, bv. berekeningskontroles, relasiedatabasisse. Praktiese take word in Studie-eenheid 4 ingesluit. Deel 2 is geskik vir gebruik in Graad 12.


**Let wel**: **Die inhoud van die CD is nie vry van kopiereg nie.**

# RTT TEORIE E-BOEKE (ONDERWYSERSBOEKE)
## 2de uitgawe – Oktober 2016










| | | |
|---|---|---|
| **R130** | **R130** | **R130** |

**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 10) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-91-5**
**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 11) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-93-9**
**E-Boek: Take om aan te Durf (Graad 12) – Onderwysersboek** **ISBN 978-1-920111-95-3**

Die doel met hierdie teorieboeke vir die onderwyser is om die leerder se kennis van die onderliggende teorie by die praktiese gebruik van die toepassingsprogramme en bedryfstelsels te assesseer. RTT Teorie: Take om aan te Durf voorsien die onderwyser in Rekenaartoepassingstegnologie van kopieregvrye take wat in die klaskamer gebruik kan word vir addisionele oefeninge, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die onderwysersboek deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie.

Die **e-weergawe** van hierdie boek maak dit makliker vir die onderwyser om 'n toets/eksamen uit verskillende afdelings van die kurrikulum saam te stel. Die boeke is individueel per graad op CD beskikbaar. Daar is twee **PDF-lêers** op elke CD wat onderskeidelik die inhoud en die oplossings vir elke graad bevat.

Kyk bl. 6 vir meer besonderhede.

# *WEB DESIGN E-BOOK* (HTML)




**R130**

- **E-book: Web Design: HTML Tasks to Tackle (Gr. 11 & 12)** **ISBN 978-1-928323-14-3**

Die doel met hierdie boek is om take te voorsien wat die leerder se vermoë om HTML-kode in die opstel van 'n webblad te assesseer. Hierdie praktiese taakboek voorsien die onderwyser wat Rekenaartoepassings-tegnologie aanbied, van addisionele take oor HTML wat vry is van kopiereg en wat gebruik kan word in die klaskamer vir ekstra oefening, hersiening en toetse. Die bedoeling is m.a.w. dat die boek deur die onderwyser gebruik moet word en nie dat dit onder die leerders versprei moet word nie.

- Die Graad 11-take is volgens moeilikheidsgraad gerangskik, maar dit staan die opvoeder vry om sekere vereiste opdragte m.b.t. formatering, lyste, skakels, grafika, ens. binne 'n spesifieke taak te elimineer sodat 'n taak byvoorbeeld op 'n laer vaardigheidsvlak gebruik kan word. Die Graad 12-take is soortgelyk in uitleg met dié van die webontwerp vraag wat in die finale nasionale eksamen gestel word.
- Die gebruiker kan 'n geskikte taak kies uit die lys van HTML-kodes wat gedek word (op die CD).
- Die **e-weergawe** van hierdie boek is in PDF-formaat op 'n CD, wat ook die vereiste lêers vir die take bevat Hierdie lêers is voorberei in Notebook en is as HTML-lêers gestoor. Daar is ook enkele tekslêers asook grafika-lêers. Die voorgestelde oplossings vir hierdie take kan gebruik word om die leerder se prestasie te bepaal en is op die ingeslote CD beskikbaar. Die merkrooster bied 'n lys van die formatering en/of aksies wat uitgevoer of toegepas moet word by die voltooiing van elke taak.
- Hierdie boek voldoen aan die KABV/*CAPS*-vereistes en die take toets die betrokke onderwerpe in die kurrikulum.
- Die **e-weergawe** van hierdie boek maak dit makliker vir die onderwyser om take wat spesifieke koes toets, op te spoor en/of om 'n toets/eksamen uit verskillende afdelings van die kurrikulum saam te stel.
- Hierdie e-boek is slegs in **Engels** beskikbaar.